RAPPORT, Loopbane
Sunday, 1 March 2009, p. 1

Teba Bank lei mynwerkers se kinders op

Mnr. Mark Williams (middel), uitvoerende hoof van Teba Bank, word omring deur beurshouers van die bank se beursprogram vir die kinders van mynwerkers wat by tersiêre inrigtings wil studeer. Dié program is die afgelope week bekend gestel. Williams sê die beurshouers word opgeneem in 'n uitgebreide program waartydens hul vordering gemonitor word en hulle gementor word deur personeellede van Teba Bank. "Suid-Afrika ondervind 'n kritieke vaardigheidstekort wat net te bowe gekom kan word deur die land se jeug toe te rus om 'n betekenisvolle rol in die ekonomie te speel," sê Williams. Teba bied die beursprogram aan in oorleg met die JB Marks-onderwystrustfonds.

LOOPBANE
Min het plan teen personeeltekort